Pretoria- 31 Mei 2015 (Nabetragting)

Skriflesing: 1 Johannes 4:1- 5:13
Teks: **1 Johannes 4:2-4; 9; 18-20; 5:12**
Sing- Ps 65:2,3; Ps. 73:1,10; Ps. 66:7,9

1 Johannes 4:1- 5:12

1Jn 4:1 Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.
1Jn 4:2 Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;
1Jn 4:3 en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.
1Jn 4:4 Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.
1Jn 4:5 Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle.
1Jn 4:6 Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling.
1Jn 4:7 Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God.
1Jn 4:8 Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.
1Jn 4:9 Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.
1Jn 4:10 Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.
1Jn 4:11 Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê.
1Jn 4:12 Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword.
1Jn 4:13 Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.
1Jn 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.
1Jn 4:15 Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is—God bly in hom, en hy in God.
1Jn 4:16 En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.
1Jn 4:17 Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.
1Jn 4:18 Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.
1Jn 4:19 Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.
1Jn 4:20 As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?
1Jn 4:21 En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.
1Jn 5:1 Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.
1Jn 5:2 Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar.
1Jn 5:3 Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.
1Jn 5:4 Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.
1Jn 5:5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?
1Jn 5:6 Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Jesus die Christus; nie deur die water alleen nie, maar deur die water en die bloed; en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die waarheid.

1Jn 5:7 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een;
1Jn 5:8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.
1Jn 5:9 As ons die getuienis van die mense aanneem—die getuienis van God is groter, omdat dit die getuienis is van God wat Hy aangaande sy Seun getuig het.
1Jn 5:10 Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie.
1Jn 5:11 En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.
1Jn 5:12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.
1Jn 5:13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.

Skriflesing: 1 Johannes 4:1- 5:13
Teks: **1 Johannes 4:2-4; 9; 18-20; 5:12**
Sing- Ps 65:2,3; Ps. 73:1,10; Ps. 66:7,9

Ons kom by hierdie nabetragting by die afsluiting van ’n reeks waarmee ons heelwat weke mee besig was. Natuurlik kan daar nog so baie dinge uit die brief gehaal word, wat ons nie by uitgekom het nie. As dit so mag wees dan kan ons hierdie reeks veral rondom die twee laaste hoofstukke in die afsienbare toekoms (moontlik vroeg volgende kwartaal) weer nader bring, tog wil ek in die nabetragting kom by wat eintlik ook ’n nabetragting van hierdie brief kan wees.

Ons het in hierdie brief ’n bejaarde gelowige wat groot dinge van God gesien en gehoor het, baie beslis is hy van die apostels wat die oudste geword het van al die apostels, nou skryf hy op sy oudag, buiten dat hy Openbaring op die eiland Patmos moes skryf, ’n boek wat sekerlik soveel uit hom getap het, wat jy jou nie kan indink wanneer mens die laaste boek, Openbaring van die Bybel lees nie. Hy sluit sy lewe nie net met Openbaring af nie, maar is hierdie drie briewe van Johannes deel van wat die gryse apostel ons die lewe mee instuur. Ja, nabetragting is eintlik mos ook maar weer om die lewe ingestuur te word. Waarmee word ons ná hierdie Nagmaal die lewe ingestuur.

***

Johannes die enigste tussen Jesus se apostels wat nie ’n marteldood moes sterwe nie. Van al die ander apostels lyk dit die geval te wees, hulle almal, behalwe Judas wat selfmoord gepleeg het, of hulle almal vir hulle geloof gedood is. Dood gemartel, waar die eerste vir sy geloof gemartel, Jakobus lyk te wees, Jakobus met ’n swaard doodgemaak. Die meeste van hulle wil dit voorkom of hulle gekruisig is oor hulle geloof. Johannes het die oudste geword, wel was hy as ou man ’n gebande banneling op Patmos. Daar waar die Openbaring plaasvind, maar wie sy

briewe lees, dit wat hy lyk vir al die gelowiges in Efese te skrywe lees nie gebande taal nie, maar lees oorwinnaarstaal...

***

Johannes staan nie vir ’n enkele oomblik in hierdie brief verleë oor wat vir die gelowige op sy pad voorlê nie. Die begin van hfst. 4 gaan juis daaroor dat ons as oorwinnaars die lewe kan ingaan. Wie as kind van God leef kan verseker wees van die oorwinning. Ja, dit kan ons weet, selfs die baie antichriste moet dit weet, dit waarmee ’n groot deel van hfst. 2 ook mee besig is, dat ons as gelowiges het die oorwinning selfs oor die antichris.

Ons is toegerus om werklik die geeste op die proef te stel. Ons oorwinning stel ons in staat om te bepaal of die gees wat hom vir ons voordoen as die Heilige Gees of dit werklik deel is van God se Gees. So weet ons valse geeste loop hand aan hand met valse profete. Die valse profete wat uit die wêreld is, hulle is natuurlik sinoniem met die wêreld, wat ons in hierdie reeks elke keer weer gehoor het, hulle is uit die wêreld, die *wêreld wat in die mag van die Bose lê...*

Maar ons kan die Gees van God ken, daar is ’n wonderlike manier om die Heilige Gees te leer ken, dit lees ons in verse 2-3: ***2*** *Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;* ***3*** *en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.*

***

Maar ons oorwinning staan vas en seker. Waar hfst. 2 ons baie duidelik waarsku teen die antichriste, stel hfst. 4 hulle weer ten toon, as hulle wat nie kan oorwin nie. Om uit God te wees, ja om wedergebore te wees, dit waarna hiérdie brief telkens na terugkom, plaas jou reeds as oorwinnaar oor wat die antichris wil regkry. Die God wat deur sy Gees in ons woon, is tog groter as die gees wat in die wêreld is. Die antichristelike geeste kan hulleself baie sterk voordoen en ja hulle is baie gevaarlik, hulle is uit die wêreld, hulle praat uit die wêreld en die wêreld luister na hulle, maar ons wat uit God is, wat God mag ken, ons moet die dinge praat wat uit God is. Hiermee moet ons na hierdie Nagmaal vandag die lewe ingaan, deur te praat dié dinge wat uit God is.

***

En dan is ons in ’n posisie geplaas wat die wonderlikste kan wees wat daar seker vir ’n gelowige is, nl. om in God se liefde te mag wandel. Met hierdie liefde van God kan die wêreld

oorwin word. Wie hfst. 4:7-5:5 mooi lees, besef dit maak dat mens net anders na jouself, na die wêreld en na die lewe begin kyk. Ons het verlede Sondag al gewys op jou identikit, die ID van die gelowige, so 'n mens lyk heel anders as wat Kain gelyk het, daar het in jou lewe reeds 'n verhuising plaasgevind, reeds het so een kon oortrek van die dood na die lewe, ja op jou ID kom dit dat jy het reeds die ewige lewe as iets blywends ontvang, dit word amper meer as net 'n ID, jy ontvang die paspoort van die lewe, ek kan hiermee na God toe gaan, want God het reeds na my toe gekom. Hy het reeds sy intrek by my geneem, in wat ek na Hom toe kon gaan. Alles deel van om uit die dood na die lewe oor te gaan, het op die einde met die volle lewe, die ewige lewe te make.

***

Die profiel van God se kind wat in die wêreld dit nie maklik gaan hê nie, ja hoe het die gryse apostel dit ook gesê: *Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie...* Tog word God se kind nie in die lewe van haat ingestuur nie, maar weereens wie in God se liefde wandel, sal elke keer net meer en meer aangegryp word in die besef, GOD IS LIEFDE, wat het ek meer nodig?! Alles wat God in sy liefde vir ons geskenk het, ja die grootste geskenk, God se Seun, in Sy liefde vir ons geskenk, dit maak dat ek deur die Seun van God na die lewe kyk. Ja, ons lewe deur die Seun van God- 1 Joh. 4:9: ***9*** *Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.*

Op my profiel as God se kind, ja jou identikit as gelowige ná hierdie Nagmaal, is om die Godsliefde en die broederliefde nie vanmekaar te skei nie. Wie dit probeer is so vals as kan kom. Hoe bekend is dit nie aan ons dat hy wat sê dat hy is lief vir God, maar hy haat sy broer, so een het eintlik nie 'n benul van wat liefde waarlik is nie. Hoe kan hy sê – dan gaan dit om vers 20: *Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?*

Hierdie liefde waarvan ons in die brief van Johannes 'n deeglike begrip van moet vorm, dit bepaal jou hele lewensuitkyk, jou profiel word daardeur saamgestel, jou lewe gaan oor in liefde, deur nie maar net van liefde te praat nie, maar liefde te doen. Liefde is waarlik meer as net woorde. Dit het ons in die vorige hoofstuk (hfst. 3) vv 17-18 met ons moes saamneem: ***17*** *Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?* ***18*** *My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.* Ja, wanneer ons dit kan begin opsom wat na vandag van my verwag word, dan kan ek twee dinge saamvoeg. Jy ontvang

gebedsvrymoedigheid, daarna het ons reeds voor Nagmaal ook nagekyk, maar gebedsvrymoedigheid hang ten nouste saam met jou karakter, dit wat karaktervolheid moet wees.

Mense is nogal baie gesteld op hulle karakter. Mag hierdie reeks uit hierdie besondere brief van Johannes wel na baie preke tog kon bydra dat ek hierdeur sal sê, my karakter is aangeraak, my karakter is hierdeur verander. Al het hier dan nou nie soseer baie nuwe dinge na vore gekom nie, dit sal party mense dalk ook wil sê, maar dit gaan nie oor om nuwe dinge te sê nie, dit gaan oor om reeds ’n nuwe lewe te leef. U besef u andersheid vanweë u wedergeboorte. ’n Wedergeborene het nou maar net iets anders in hom/ in haar, wat die wêreldling nie het nie. Dit mag nie ’n aangesitte andersheid wees nie, dan is dit vals, maar wie anders is, is anders omdat God ons anders gemaak het.

Daar laat ons ons weer deur die IS-dinge, die IS-uitsprake in hierdie brief lei... God is lig, jou andersheid kom in deurdat jy jou lewe nou in God se lig plaas, God se heiligheid, sy heerlikheid, ja God se andersheid maak dat ek anders is, as maar net nog ’n mens. God het reeds vanoggend voor Nagmaal iets baie belangrik gesê- God maak dit ook ’n IS-uitspraak- Jy is my kind... Ons is kinders van God, ja moet nie dink ek moet dit nog word nie, jy is dit, of jy is dit nie... as jy dit nie is nie, vir so een moet ons die Woord verkondig, ons moet van ons kant alles doen, om die IS van God, God wat is wat Hy is, te probeer duidelik maak.
Wie werklik kind van God is, vir so een is dit belangrik om as kind van God te leef soos ’n Godskind moet leef, dit alles aan die hand van God se gebooie.

Dan kom die volgende IS- uitspraak. Wie gehoor het, God is liefde, wandel in hierdie liefde van God, laat hierdie liefde jou oproep wees, jou aanspoor tot nog groter liefde, want daarmee word die wêreld oorwin. Weereens laat God se gebooie ons hier nie in die steek nie. Wie na God se gebooie luister sal werklik as oorwinnaar oor baie swaar en lelike en bose magte kan kyk en sê oor my heers julle nie. Al sondig ek ook en ek sondig baie, ek wil egter teen die kwaad, teen die duiwel, teen die wêreld, teen die Bose self bly stry. Hy mag nie vatplek aan my kry nie, al kry hy sy hande nie van my afgehou nie.

Ja, die einde van alles moet ook weer vir my die begin van alles wees. Die laaste belangrike IS-uitspraak in hierdie eerste Johannes is om te mag hoor, te mag weet, te mag glo- Die Heilige Gees is die waaragtige Getuie van God. Ek kan uit sy getuienis leef, uit sy getuienis kan ek

verseker van hierdie tafel weggaan en versekerd die lewe ingaan. Hy kos my my hele karakter, maar wonderlik om eintlik alles te verloor, deur net een ding te wen en dit is om te wees wat ek nooit uit myself sou kon wees nie, God se kind. Mag u dit sê deur die Heilige Gees van God, ja mag ons afsluit met die woorde van 1 Joh. 3:24: *En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het.*

AMEN